Herald Sport

Jaar skop af met liga

Heilbron se ligaspan speel die naweek op Vrede in 2018 se eerste ligabepaling. Heilbron is die verdedigende kampioen en kan hulle 'n sterk aanslag van die ander Oos-Vrystaat spanne verwag. Heilbron se span is: Jackie Leonard, Eben Stander, Simon Malgas, Johan Nelson, Dries Cilliers en Obie Oberholzer.

Volgende naweek word daar 'n plaaslike *best drive Better Ball* kompetisie aangebied, skryf vroegtydig in vir die dag. Die skoonvelde kry swaar onder die hitte maar setperke is baie mooi.

Spelers kan môre plaaslik deelneem aan die vleiskompetisie. Inskrywing is vanaf 12:00 afslaan, 12:30.

Ledegelde betaalbaar voor einde Februarie.



Rolbalnuus

Met al die luilekker vakansiedae agter die rug is die rolbalspelers ook weer volstoom aan die gang en is die eerste Valsrivier kompetisie ook reeds afgehandel.

Ongelukkig kon nie een van Heilbron se spelers hul merk maak nie, maar soos die rugby afrigters altyd sê: "Ons het baie geleer."

Heilbron bestuur het besluit om Saterdag, 3 Februarie te gebruik om die klub kampioenskappe aan te bied en word daar beplan om dit 'n besonderse dag te maak. Spel sal reeds om 09:00 begin en 'n ligte middagete sal beskikbaar wees.

Alle spelers en belangstellendes word uitgenooi om die dag saam met hulle te geniet, sosiale spel sal ook voortgaan soos normaalweg.

Beplanning vir die deurnag-toernooi op Vrydag, 23 Februarie is in volle swang. Die toernooi sal afskop met 'n vingerete om 18:00 met spel wat sal begin om 19:00 teen 21:00 word koffie en verversings bedien en om 00:00 die hoofete van braaivleis en allerhande lekker bykosse. Teen 03:00 ligte verversings en om 06:00 word die toernooi afgesluit met 'n prysuitdeling en sjampanje ontbyt.

Besoekers is baie welkom om te kom deel in hierdie eerste vir Heilbron rolbalklub.

Die klub is ook bly om Gustav en Adele Boosen terug te verwelkom as lede en Suzie van der Westhuizen wat ook deel kom raak het van die rolbal familie.

Snoekerklub reg vir 2018

Na 'n lekker braai en afsluiting is die Snoekerklub weer aan die gang. Op die foto van agter is Klaas Cilliers, Neels Claasen, Sharky Kühn, Daan Erasmus. Voor: Chenque Kühn, Helgaard Claasen, Piet du Plooy, Hennie Roets en Sophie Spies (bestuurderes). Enige uitdagings is welkom. Bel gerus vir Helgard by 079 526 0765 vir 'n afspraak.

JAARPROGRAM : 2018
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

DATUM	BESONDERHEDE	TYD
3 FEBRUARIE	PRETSKIET	09:00
17 FEBRUARIE	.22 EN JAGGEWEER CHASA SPORTSKIET	10:00
10 MAART	LANG AFSTANDSKIET VIR JAG SEISOEN	09:00
17 MAART	.22 EN JAGGEWEER CHASA SPORTSKIET	11:00
21 APRIL	RIEMLAND OPE PRYSSKIET	09:00
27 APRIL - 1 MEI	HUNTEX	
28 APRIL	CHASA INTERVERENIGING SPORTSKIET KOMPETIESIE	
26 MEI	CHASA KWALIFISERING / VERBETERING	09:00
26 MEI	VRYSTAAT JAGTERS INTERTAK SPORTSKIET KOMPETIESIE	
2 JUNIE	.22 EN JAGGEWEER CHASA SPORTSKIET	10:00
28 JULIE	OVER UNDER SPANSKIET	09:00
4 AUGUSTUS	VRYSTAAT JAGTERS PROEWE VIR SPANNE VIR CHASA MULTI DISSIPLINERE INTERVERENIGING SKIETKOMPETIESIE	08:00
11 AUGUSTUS	.22 EN JAGGEWEER CHASA SPORTSKIET	10:00
25 AUGUSTUS	BOSVELD OEFENING	09:00
15 SEPTEMBER	JEUGSKIETDAG	09:00
22 SEPTEMBER	CHASA MULTI DISSIPINERE INTERVERENIGING SKIETKOMPETIESIE	
6 OKTOBER	LEEU/BUFFELSTORM	09:00
6 OKTOBER	TROFEE MEET	09:00
6 OKTOBER	VRYSTAAT JAGTERS PROVINSIALE SPORTSKIET PROEWE VIR SPAANE VIR CHASA INTERPROVINSIALE SPORTSKIET KOMPETIESIE	
20 OKTOBER	.22 EN JAGGEWEER CHASA SPORTSKIET	11:00
27 OKTOBER	CHASA INTERPROVINSIALE SPORTSKIET KOMPETIESIE - BLOEM	
09 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK	18:30
24 NOVEMBER	"D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS	
31 DESEMBER	LEDEGELDE VIR 2019 MOET NOU BETAAL WORD	

Wilge Hengelklub

Die uitslae van die Wilge Hengelklub is bekend gemaak na Saterdag, 13 Januarie 2018 by JD Muller.
Seniors: GP Rossouw (eerste plek), Hans Kleynhans (tweedeplek) en Lotie van Wyk (derdeplek).

Dames: Marietjie Kleynhans (eersteplek), Chantel Steenkamp (tweedeplek) en Belinda Marais (derdeplek).

Juniors: Dean Tolmay.

Die volgende kompetisie is 17 Februarie. Daar gaan ook 'n kliniek aangebied word gedurende die kompetisie.

Vir meer inligting, kontank GP Rossouw by 082 319 9472 of JD Claassen by 079 691 4184.

BKB Louwid NOORD
Die komende weke se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 22 JANUARIE 2018
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling.
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 23 JANUARIE 2018
KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Wimpie Kriel 083 378 8285
VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Hannes Prinsloo 083 274 1935

WOENSDAG - 24 JANUARIE 2018
RANDFONTEIN Weeklikse veiling.
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
STEYNSRUS : HUMAN SAVM.
380 SAVM skape & 8 Alpaca
11:00, Catherton, Steynsrus
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

DONDERDAG - 25 JANUARIE 2018
FRANKFORT Weeklikse veiling tbv Gereformeerde Kerk.
Kontak Eddie Muller 082 926 2219
KROONSTAD Weeklikse veiling.
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289
CARLETONVILLE : JOHAN BURGER ALGEHELE UITVERKOPING
106,998 ha, Eiendom, 484 Brahman -; Bonsmara - en Brahman x tipe beeste, 417 Johan Burger Boerbokstoet - Doornpoort Genetika -
11:00, Driefontein, Carletonville
Kontak Janneman van der Merwe 076 383 3838

VRYDAG - 26 JANUARIE 2018
STANDERTON Weeklikse veiling.
Kontak MJ Lourens 072 515 3549
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling.
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

SATERDAG - 27 JANUARIE 2018
VREDE : WINSMAKER DORMER TELERSGROEP & MEDEVERKOPERS
230 Dormer skape
11:00, Vrede veilingskrale
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

BKB LOUWID